PRETRIT

12 MAART 2016

- Theo Potgieter –

Saterdag 12 Maart het ons voor die klubhuis bymekaar gekom vir n heerlike pretrit, en was dit heerlik. Nie minder nie as 13 blink ou tantes (Ek praat nou van die ou motors) het opgedaag. 1 x Bentley, 1 x Datsun, 1 x Pontiac, 1 x Citroën, 2 x Chevrolets, 2 x MG's, 2 x DKW' s en 3 x Ford's.

Ons het vertrek en ‘n sirkelroete op Naval Hill gaan ry, was lekker om weer die natuurskoon midde in ons dorpie te kon bekyk. Blouwildebeeste, Sebra en Blesbokke het rustig gewei en hulle nie vreeslik gesteur aan die diep gebrul van Oom Louis Coetzer en Fanie du Preez se V8 monsters nie. ‘n Groepfoto is toe geneem op Oom Mandela se parkeerterrein. Was nogal ‘n gesukkel om die statige ou dames mooi in te kry op die kiekie, maar met Leon se legendariese parkeeraanwysingsvermoë, was almal sommer in ‘n japtrap op hulle regte plekke!

Daarna is ons al ryende na Bob se grondboontjiebotter kafee in Pres. Steyn Straat. Hier kon ons kies tussen ‘n verskeidenheid melkskommels, 51 geure om presies te wees! Oom Fanie en Tannie Marietjie het besluit op Jelly en Vla geur, en Zosia het Sjokolade en Grondboontjiebotter geur vir Oom Johan Prinsloo aanbeveel. Tannie Engela moes net ‘n slukkie met hom deel. Die donker donderwolke het egter begin toetrek en Pierré en Lydia moes ons inderhaas verlaat (Sy’t net Vrydag haar hare laat doen). Die aand het ons afgesluit met ‘n gesellige braai by die klubhuis, alhoewel ons die Van der Walt's gemis het, was ons ook verheug om weer vir Oom Ockie en sy Stralejakker wederhelfde tannie Sonia te sien, aangesien sy pas terug is na besoek aan die VSA.

Opgesom: "What an eventful day" in Zosia se woorde. Hoop ons kan sommer gou weer so maak.